



17 April 2022

*Baie kan in net  
drie dae gebeur!*



*Dankie Jesus!  
My Here & my God!*

**DAGBOEK**

**VANDAG**

08:00 Koffie en tee in die foyer

09:00 Opstandingsfees:  
Ds Terence Cooke

10:00 Koffie en tee in die foyer

**DONDERDAG**

16:45 Pre-advies kommissie-  
vergadering

**SONDAG 24 April -**

08:00 Koffie en tee in die foyer

09:00 Oggenddiens:  
Ds Terence Cooke

09:00 Kinderkerke

09:00 Reguitstraat 13+

10:00 Koffie en tee in die foyer

18:00 Belysel

18:00 Foyerdien



**GEBEDSLYS**

Bid asb vir:

- Wanda Steyn
- Drienie Kriel
- Oom Charl Jackson met die afsterwe van Tannie Nellie Nellie – haar roudiens is Dinsdag 19 April om 11:00 vanuit ons gemeente
- Antoinette Vosloo en familie met die afsterwe van haar pa verlede week.

## BYSTAND VIR DIE GEMEENTE

Ds Terence Cooke is huidiglik op bystand vir die gemeente. Vir enige dringende gevalle, kontak asb die Kerkkantoor 018 2947939/ 0832976748 of vir Ds Terence 0827759570.



### JOHANNES 20:6-7:

<sup>6</sup> Ná hom het Simon Petrus ook daar aangekom, en hy het in die graf ingegaan. Hy sien toe die doeke daar lê, <sup>7</sup> ook die doek wat om Jesus se kop was. Dié doek het nie by die ander doeke gelê nie, maar was eenkant afsonderlik opgerol.

### WAS DIE OPGEROLDE KOPDOEK BELANGRIK? - VERSEKER!!

Om die betekenis hiervan te begryp, moet jy 'n bietjie van die Hebreeuse tradisie van daardie tyd verstaan.

Die gevoude 'servet' het betrekking op die meester en sy dienskneg. Die dienskneg het die etenstafel vir die meester gedek en seker gemaak dat die presies is soos wat die meester dit verlang. Die dienskneg sal dan buite sig wag, totdat die meester klaar geëet het en hy sou dit nie waag om aan die etenstafel te raak, totdat die meester klaar was nie.

Sodra die meester klaar geëet het, sou hy opstaan, sy hande en mond afvee en sy baard skoonvee en dan die servet opgefrommel en op die tafel neergooi. Die dienskneg sou dan weet dat hy maar die tafel mag skoonmaak, want 'n opgefrommelde servet beteken "Ek is klaar". Maar, as die meester van die tafel opstaan en sy servet opvou, het dit beteken: **"EK KOM TERUG!"** ~Vry vertaal

## FONDSINSAMELINGSPROJEKTE: 2022

- Kuieraand saam Pieter Smith by Coco's Saloon: 21 Mei 2021 (Christine Thomas)
- Pannekoek by Pick a Pay, 3/4 Junie, 23/24 Julie, 9/10 Sept, 7/8 Okt (Maryna Marais)
- Vleisprojekte: 20-22 Junie & 24-26 Oktober
- Hengelkompetisie: 20 Aug (Roelf van Aswegen)
- Spaanse aand: 23 Sept (Johanna Handford)
- Snoekbraai en kersliedere: (Thys Franken & Elsabe van Aswegen)
- Mandjieprojek: (Erika Pieterse)
- Snuffelwinkel: (Jacoba Ras)



### OPTREDE: PIETER SMITH

As deel van 'n fondsinsamelingsprojek kom Pieter Smith optree by *The Farm Lifestyle Centre @Cocoa's Saloon*.

Dit is ten bate van Suiderkruis Gemeente. Die kaartjies kos R100 per volwassene en hoërskool leerlinge, R50 vir laerskool leerlinge. Daar gaan vanaf 16:00 pannekoek, vetkoek en maalvleis of skoon vetkoeke en sop te koop wees. Daar sal deurlopende ligte vermaak wees. Die vertoning begin om 19:00. Kaartjies is Sondae na kerk beskikbaar in die foyer of by die kerkkantoor gedurende die week en by Yolandi by Cocoa's Saloon 067 832 2337. Ons is dan ook op soek na paar dames (of manne) wat ons kan help met 'n paar potte sop. Dankie aan Maryna Marais, Petro Kriel en Elsabé van Aswegen wat

onderskeidelik vir ons die pannekoek-, vetkoek- en sop-verkope gaan hanteer. Daar is 'n kontantkroeg beskikbaar en heerlike koffie en cappuccino is te koop.

## VERJAARSDAGHOEKIE

**Vandag:** Gerda Jansen, Henry Venter

**18 April:** Geen verjaarsdae

**19 April:** Wihan Aslett, André Jv Rensburg

**20 April:** Jannie Klopper, Rouxlinda Nieman, Christine Otto

**21 April:** Deon van Zyl

**22 April:** DJ Cloete, Ansonette Erasmus, Elmien Scheepers, Alta Teifel, Duvan van Niekerk, Rodger van Wyk

**23 April:** David Kruger



NB: Indien u naam nie op die weeklikse verjaarsdaglys verskyn nie, kontak asb die kerkkantoor sodat ek kan vasstel waar die probleem is. - **Elize**

## AS DIT DONKER IS OM MY

### As jy nie verstaan nie

*Dat ek die kwaad vermy het en met 'n eed my onskuld verklaar het, het dus niks gehelp nie, want elke dag het vir my teenslae gebring en elke nuwe môre straf. -Psalm 73:13-14*

“Here, ek verstaan nie,” is die boodskap van die psalmdigter. “Hoekom gaan dit dan so goed met die ongelowiges, terwyl ek wat nog altyd my bes vir U gedoen het, so swaar trek? Elke nuwe dag bring vir my teenslae en elke nuwe môre straf.”



Miskien het jy ook al so gedink soos die digter van Psalm 73: dat dit so moeilik met jou gaan terwyl die mense wat openlik ongelowig is net voorspoed ondervind.

Maar die Here maak anders somme as ons. Ons kan Hom nooit met ons menslike logika verstaan nie. Dis wonderlik dat Psalm 73 nie by vers 14 eindig nie. Wanneer die digter in vers 17 van aangesig tot aangesig met God kom, sien hy dinge heel anders. Die uiteinde van die “voorspoedige” goddeloses sal verskriklik wees, terwyl die Here van groot betekenis in sy eie lewe is.

As daar in jou lewe dinge is wat jy nie kan begryp nie, het dit vir ou tyd geword om in God se teenwoordigheid te ontdek dat daar niks is wat vir jou meer beteken as Hy nie. Dit maak ten slotte nie saak wat in God se hand vir jou is nie, maar wel dat jy in God se hand is. Eintlik skuld God jou (soos vir Job) heeltemal niks. Alles wat jy uit Sy hand ontvang, is suiwer genade. Onthou om vir Hom dankie te sê daarvoor.

*Here, vergewe my asseblief dat ek U probeer verstaan met my klein menseverstandjie. Dankie vir die insig dat alles wat ek het, genade uit U hand is.*

*Amen*

**~Nina Smit**

## DEURLOPENDE FONDSINSAMELINGSPROJEKTE

- R2-projek: Neem 'n pilbotteltjie in die portaal, vul dit met R2-stukke en gooi in die kollekesakkie.
- Koperkruik-projek: Gooi al die “oorbodige” koper in die kruik wat in die voorportaal staan.
- 2e-Handse snuffelwinkel: Indien u enigiets het wat sommer net tuis in die pad is, skenk dit asb vir ons gemeente se winkeltjie. Kom kyk gerus ook wat al alles in die winkel is. Jacoba Ras is in beheer van die winkel (0729005005) – **Elize**





Lees  
Genesis 6:9-22

## NOAG BOU 'N ARK

Maats, lees die skrifgedeelte en voltooi dan die ontbrekende woorde in die versreëls hieronder: .

[15] Jy moet dit soos volg maak: die lengte van die \_\_\_ moet honderd vyf en dertig \_\_\_\_\_ wees, sy breedte twee en twintig en 'n half meter en sy \_\_\_\_\_ dertien en 'n half meter.

[16] Jy moet 'n \_\_\_ vir die ark maak en sy \_\_\_ moet jy vyf en veertig sentimeter \_\_\_\_\_ maak. Verder moet jy 'n \_\_\_\_\_ aan die \_\_\_\_\_ van die ark insit en 'n onderste, middelste en boonste \_\_\_\_\_ maak.

